

14 Julie

Skrifgedeelte: Job 26-29
Fokusgedeelte: Job 26:1-14

God se fluisterwoord

In hoofstuk 26 begin Job met sy laaste antwoord. Eers laat hy sarkasties hoor hoe góéd die laaste spreker, Bildad, hom geantwoord het. “Hoe mooi het jy die onwyse raad gegee...” (26:2). Daarteenoor breek Job dan in ‘n wonderlike loflied oor die grootheid van God uit. Hy ken die grootheid van God in elk geval net so goed soos Bildad wat so uit die hoogte met hom, arme lyder op die ashoop, praat. Job sing van Hom wat die hemel oor ‘n leë ruimte uitsprei ... wat sy troon bedek deur wolke daaroor uit te spreid... Geen wonder dat Calvyn na aanleiding hiervan kon uitroep: “En, inderdaad, as ons goed ag gee op die orde wat daar aan die hemel is, is dit ‘n saak wat ons moet verruk van verwondering”.

Tog, sê Job uiteindelik, is al hierdie verruklike, onnaspeurlike wonders van God se skepping nog maar net die “uitlopers van sy weë”. Ons hoor daarin maar ‘n “fluisterwoord van God”. “Wie sou dan die donder van sy magtige daad verstaan?” (26:14 OAV) As ons só min van God se uiterlike skeppingswerke verstaan, hoe sou ons ons dan kon aanmatig om óóit die misterie van God se wese te ken! “Sou ons God groter oneer kon aandoen as om sy mag in ons verstand te wil omsluit?” (Calvyn. En die liefde van hierdie onuitspreeklike groot God? Sou jy en ek ooit die liefde wat God in Christus aan ons skenk met ons armsalige verstandjies kan omvat? Paulus bid dat ons die liefde van Christus sal ken: die hoogte, diepte, breedte en lengte daarvan ... dit is “liefde wat ons verstand te bowe gaan” (Ef 3:18,19).

Sing: Psalm 145:3

Dr PP Kruger (Meyerspark)